Towerlantern Fotografie

fotografienuus

mei 2020

Koffie of pœding?

Lensopening f2.8; Sluiterspœd 1/30 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Daar is baie foto-onderwerpe wat so cliché-agtig is dat jy as fotograaf daarvoor mœt ligloop en dit liewers mœt vermy. Een hiervan is 'n koppie stomende koffie en 'n tweede een is 'n enkel rooi roosblaar op 'n stel trappe. Ons sê nie jy mœt dit nie afneem nie. Ons sê wel, dœn dit, en dan is dit klaar.

Die foto hierby is 'n koffiefoto (as jy die titel kan glo), maar dis heeltemal in 'n ander klas. As jy wonder hœ dit gedœn is, lees verder en beweeg dan ook aan met jou koffiefotografie. Met dank aan Eddie Vorster vir die idee.

As jy tydens die volgende volmaan in die kœrant lees dat daar 'n pampœnmaan gaan wees, wel, stop dan voordat jy vir 'n pampœn uitgevang word! Lees ook in hierdie uitgawe meer oor volmane, ook met die pers in gedagte. En geniet jou koffie.

In aansluiting by die koffiefoto gesels ons ook meer algemeen oor kosfotografie. Neem dit ter harte en sien die foto's raak – jy eet tog immers elke dag.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Dis moontlik mœilik vir jou om te glo dat die voorbladfoto wel 'n koffiefoto is – maar dit wys net die uitsonderlikheid daarvan. Tiaan van der Walt, 'n barista by die koffierestaurant Starbucks in die VSA, nœm dit *whipped coffee*. Maar, vœg hy by, hulle verskaf dit nie by Starbucks nie. Elders staan dit bekend as *dalgona coffee*.

Laat jou foto's altyd spreek van besondersheid – probeer iets dœn wat ander, soos Starbucks, nie dœn nie. Maak self 'n *dalgona coffee*, kry 'n stileerder of dœn dit self en begin foto's neem. Eintlik mœt ons sê, kry beslis 'n stileerder. Jy sal dit self besef sodra jy jou hand aan kosfotografie waag. Baie dankie ook aan Sienie de Klerk wat gehelp het met die stilering van die voorbladfoto-toneel.

Die kamerastellings vir die voorbladfoto is min of meer vanselfsprekend: 'n groot lensopening vir 'n vlak velddiepte, 'n 100 mm makrolens vir die nabyheid van die beeld en 'n sluiterspœd van 1/40e sekonde vir die korrekte beligting.

Algemene
wenke vir fotografering van kos

Ons lei jou op 'n pad om gœie kos- en drankfoto's te neem; eers algemene wenke en hierna spesifieke kamerariglyne. Die volgende is van die belangrikste sake:

Stileerder: Die rol van 'n stileerder by kosfotografie is onontbeerlik. Besef dat jy as fotograaf nie noodwendig van al die fyner stileersake weet nie. Verder kan dit handig wees as die stileerder ook jou helper kan wees.

Beplanning: Sorg dat jy wyd dink en wyd beplan voordat jy begin met kosfotografie. Pasop om nie maar net nog 'n kiekie te neem nie. Blaai deur tydskrifte, raadpleeg die internet.

Samestelling van toneel: Met jou eet- of drinkware in gedagte, dœn vooraf 'n deeglike voorbereiding (lees, maak sketse, neem vooraf-foto's, selfs met leë borde en glase).

Driepoot: Gebruik beslis 'n driepoot. Dit mag wees dat jy of die stileerder 'n verskeidenheid foto's wil hê van presies dieselfde toneel, met effense variasies in beligting, kleur en komposisie.

Fotosessie: Gee tydens die fotosessie aandag aan dié sake:

- ✓ Eksterne beligting: Beplan vir die volgende beligtingsake: Natuurlike of kunsmatige beligting; ligaspekte (beskikbare lig, direksionele lig, harde en sagte lig). Eksperimenteer met verskeie ligbronne, ook met die kamera se interne filters.
- ✓ Witbalansinstelling: Hou steeds die witbalansinstelling van jou kamera in gedagte. Eksperimenteer met verskeie kleure.
- ✓ Rigting van lig: Mœnie vergeet van die rigting van lig nie. Speel rond met voorbeligting, sybeligting, agterbeligting, bobeligting en onderbeligting. Laat die stileerder help.
- ✓ Weerkaatsings: Wees bedag op weerkaatsings – dit kan handig wees, maar dit kan ook pla, byvoorbeeld by silwerware. Bespreek die saak beslis ook met die stileerder.
- ✓ Tœbehore: Kry 'n verskeidenheid niefotografiese tœbehore vir die fotografering van kosfoto's reg. Dink hier aan items soos eetgerei, servette, skinkbordlappies, klein blommetjies.

RIGLYNE VIR KOS-FOTOGRAFIE

Aanvaar dat die toneel reeds opgestel is (hiermee word enige stap in die ontwikkeling van die stillewe bedoel). Aanvaar verder dat die kamera op 'n driepoot is en dat daar reeds 'n redelike komposisie en fokussering gedoen is. Volg dan dié voorskrifte:

Tipe lens: Kostonele is tipies van beperkte omvang. Laat die opstelling van die toneel die keuse van die lens bepaal. Onthou wel om die foto so goed as moontlik te vul. As jy twyfel, begin met die standaard 18-55 mm lens.

Portret- of landskapformaat: Kies die formaat volgens behoefte. Weet byvoorbeeld vooraf of die foto gebruik gaan word vir 'n tydskrif, en indien wel, met portret- of landskapformaat.

ISO: Kies steeds 'n lae ISO-waarde.

Witbalans: Maak seker van die beligting (natuurlike lig teenoor kunsmatige lig) en eksperimenteer deurgaans. Gebruik verkieslik nie die *AWB*-instelling nie.

Keuse van fokuspunt: Die beste manier om die keuse van die fokuspunt te bepaal, is om vooraf 'n verskillende foto's te neem.

Lensopening: Die moderne neiging by kosfotografie is om van 'n vlak velddiepte gebruik te maak (oortuig jouself hiervan deur boeke en tydskrifte deur te blaai). Dus sal jy eerder van 'n groter lensopening gebruik moet maak.

Sluiterspoed: Gebruik die liniaal vir die korrekte beligting. Neem baie foto's met klein variasies in die sluiterspoed vir latere keuses.

Fyn fokussering: Maak beslis gebruik van handfokussering en van die LCD-skerm. Sorg vir absolute skerp fokussering van dit wat skerp moet wees. Vir presiese fokussering van onskerp kos, byvoorbeeld beskuitkrummels, is dit handig om 'n klein stukkie rooi garingdraad (deursnee +/- 0,5 mm) by die fokuspunt te plaas. Fokus dan hierop en neem dit weg voordat jy foto's begin neem.

Towerlantern Fotografie
- mei 2020 -

minimalistiese kosfoto's

Jy het sekerlik al na kosprogramme op televisie gekyk en opgemerk dat daar soms disse geskep word waar dit meer oor die komposisie as oor die kos gaan. Dit lyk baie mooi, maar jy het dalk al by jouself gewonder: Hœ gaan ek ooit daarvan vol word?

Wat hier genœm word is een stileringsneiging in geregte, genœm minimalisme – en jy as fotograaf mœt ook daarvan kennis neem.

Die term "minimalisme" word baie wyer gebruik as net by fotografie. Dit sluit ook ander kunsvorms in soos skilder, literatuur en musiek. Besœk self webwerwe hieroor. Die *dalgona koffie*-foto van Eddie Vorster wys die idee.

Wat fotografie in die algemeen betref, gaan kyk beslis by https://bit.ly/2VEVdle na die tydskrif *Black & White* se deurblaaibare versamelwerk van 'n paar kunstenaars se minimalistiese landskap- en natuurfoto's. Laat dit jou inspireer om ook in so 'n rigting te eksperimenteer.



Towerlantern Fotografie
- mei 2020 -

Resep vir dalgona koffie

~ Eddie Vorster

Is daar 'n geheime bestanddeel in dalgona koffie? Nee, die enigste geheim is armspiere (of moontlik 'n elektriese klitser!).

Die bestanddele is doodgewoon:

- ✓ 2 eetlepels kitskoffie (maar nie *cheap* koffie nie!)
- ✓ 2 eetlepels suiker (wit-, bruin- of strooisuiker, nie versœter nie)
- ✓ 2 eetlepels warm of kokende water

Metode: Klits die mengsel tot dit sagte punte maak.

Vir foto's (en om te drink): Dien op oor koue melk en ys; of oor koffie; of oor warm melk saam met sjokoladestroop.

Laaste opmerking: Die resep kan vermeerder word indien nodig. Dit kan dan in die yskas gehou word vir 4 tot 5 dæ. Dit is dalk nodig om dié moontlikheid te volg, vir ingeval jou eerste fotopoging misluk.

✱ Heel laaste opmerking: Die fotograaf wat die beste dalgona koffie-foto vir ons stuur, word uitgenooi om saam met ons (anderdag) by Die Akker Restaurant te gaan koffie drink.

Towerlantern Fotografie
- mei 2020 -

Lig.

Julle het sekerlik al tot vervelens toe gehoor dat lig die belangrikste komponent in enige foto is. Alle fotograwe leer om die natuurlike lig te gebruik wanneer ‘n foto gemaak word, maar ons almal was al in situasies waar die natuurlike lig net nie genoeg was nie.
Dink bv. aan jou kind of kleinkind se skoolkonsert waar hulle rondbeweeg op die verhoog en jy doodeenvoudig nie ’n vinnig genoeg sluiterspoed kan gebruik om die oomblik te vries nie. Al jou fotos is “blurred”.
Die enigste manier om dit te oorkom is deur nog lig by te voeg.



Die ingeboude flits op jou kamera is nie die ideale oplossing nie. Dit het nie ‘n baie sterk lig nie en dis ook ’n “harde” lig omdat dit slegs reguit vorentoe flits en daardeur al die skadus uithaal.
Die beste oplossing is ‘n eksterne flits of studio lig.

Eksterne flitse kan in twee basiese groepe gedeel word: “TTL (Through The Lens)” of “non-TTL”. TTL flitse kan met jou kamera kommunikeer sodat die kamera toepaslike verstellings self kan maak om die korrekte beligting te verseker, terwyl “non-TTL” flitse slegs afgesit word deur die kamera, alle verstellings op die kamera moet self gedoen word.

Die krag van ‘n flits of studio lig word gegee as ’n “Guide Number” (GN). Hoe hoër die GN is hoe skerper is die flits se lig. ’n Kamera se ingeboude flits is gewoonlik tussen GN15 en GN20, terwyl ‘n gemiddelde eksterne flits omtrent GN46 is.

Voorbeelde van die kreatiewe gebruik van eksterne beligting.

Daar is vele opsies vir elke fotograaf, so die regte besluit is nie altyd maklik nie. Kom gesels met ons, jou kursusleier of professionele fotograaf om jou te help om die regte besluit te neem.

dynamic choices
group (pty) ltd.
Winkel 1
Rotty’s Business Park
Holtzhausenweg 28-30
Binnekort oop!!!

Pienkmaan

In die *Sterrekundewoordeboek – Dictionary of Astronomy* word die Afrikaans vir die Engels *black hole* (twee woorde) gegee as “swartgat” (een woord) en nie “swart gat” (twee woorde) nie. Daarteenoor sal ons altyd skryf “die swart gat in die grond” (twee woorde) en nie “die swartgat in die grond” (een woord) nie. Is die *Sterrekundewoordeboek* dan verkeerd?

Die antwoord is: Nee, die woordeboek is nie verkeerd nie! Ons verduidelik die saak soos volg: In Afrikaans het ons die wonderlike “spelgerief” dat ons twee spelwyses het waar kleuronderskeiding ter sprake kom. Byvoorbeeld ’n swart gat (in swart grond) (twee woorde) teenoor ’n “swartgat” (ook ’n “grawitasiekolk” genoem) wat ’n sterrekundige verskynsel is – en wat nie swart of ’n gat is nie. Die probleem kom daarby dat daar in Engels nie, soos in Afrikaans, kleuronderskeid getref kan word nie. Dit kan dan soms lei tot verkeerde vertalings in Afrikaans.

Ander voorbeelde in Afrikaans, met ’n sterrekundige betekenis, is: witdwerg, rooireus en swartdruppel (elkeen een woord).

Dit bring ons by “pienk maan” (Engels: *pink moon*) tydens ’n onlangse volmaan waarvoor byna alle fotograwe hul kameras gegryp het – en niks gekry het nie! Wel, niemand kon so iets kry nie, want daar was/is nie so iets nie. Dis bloot ’n verkeerde vertaling van Engels na Afrikaans. Die spelling moet een woord wees soos in die titel, pienkmaan. Ons verduidelik in ons volgende bespreking wat met “pienkmaan” bedoel word.

PHONE-A-FRIEND

As jy, die fotograaf, wonder oor die geloofwaardigheid van enige koerantberig oor astrologie, astronomie, geografie, geologie, planeetbeweging tot by wiskunde, doen eers navraag by ons, Johan en Johann. Ons kan jou dalk net van die verkeerde perspad na die ware pad teruglei.

Towerlantern Fotografie
- mei 2020 -

Oesmaan, jagtersmaan, pienkmaan

Vrœër jare was die Amerikaanse liedjie S*hine on, harvest moon*, nogal bekend. Luister hierna by: https://bit.ly/3aH197X
Maar wat word bedœl met harvest moon of, in Afrikaans, volgens die *Sterrekundewoordebœk*, "œsmaan"?
En, soortgelyk, wat word bedœl met "jagtersmaan", soos in die titel; en ook "pienkmaan"?

Dink jou in dat jy ver terug in die verlede geleef het, voor enige elektriese ligte of ander moderne geriewe. Jy is 'n plaasbœr, of jy is, wat ons sal nœm, 'n inheemse bewoner. Die enigste manier om met die loop van die jaar en die seisœne tred te hou, is om die maan dop te hou – in die besonder die volmaan. Maar elke volmaan behoort dan vir onderskeid 'n naam te hê, net soos ons moderne maande ook elkeen sy naam het.

Die name in ons titel is ou maanname, in ooreenstemming met 'n ou Amerikaanse tradisie. Hier is een variasie, van nog baie meer: Wolfmaan (Januarie), Sneeumaan (Februarie), Wurmmaan (Maart), Pienkmaan (April), Blommaan (Mei), Aarbeimaan (Junie), Dondermaan (Julie), Steurmaan (Augustus), Oesmaan (September), Jagtersmaan (Oktober), Bewermaan (November) en Kouemaan (Desember). Die 2017-foto vat dit mooi saam.

Hœkom sal ons ons dan nou steur aan 'n ou Amerikaanse gebruik? Dus, mœt jou nie volgende keer deur die pers laat uitvang met 'n rooi gesig nie – of erger nog, mœnie alles glo soos Rooikappie geglo het nie. Vir nog meer inligting: https://en.wikipedia.org/wiki/Full_moon#Full_moon_names

INGEHOK, INGEKERKER, INGEPERK

Is enige van hierdie woorde, of nog baie variasies daarvan op jou van tœpassing? Of het jy in hierdie inperkingstyd geleer dat jou kamera jou beste vriend is, en meer nog, dat dit ook 'n vriend in nood is. Maak só maats met jou kamera dat jy altyd daarop kan staatmaak as jy vœl jy wil die mure om jou afbreek.

Gedurende die afgelope weke is daar op *Towerlantern* se Facebook-blad verskeie wenke gegee hœ jy jou met jou kamera in dié tyd kan vermaak – en waarmee jy die inperk-*blues* kan verdryf. Ons gee 'n paar wenke en voorbeelde:

Neem skemerfoto's vanaf jou werf: Hier is 'n waarskuwing: Skemerwolke kan vinnig van kleur verander; wees dus paraat met jou kamera, selfs ook met jou selfoon, soos die foto hierby.

Foto: Eddie Vorster

Speel rond met ligte: Probeer flitse, LED-ligte, die selfoon-app *Pocket Softbox* of enige ander tipe draagbare lig en verlig onderwerpe van agter of van onder. Blare en dungesnyde vrugte bring 'n hele nuwe prentjie na vore.

INGEHOK, INGEKERKER, INGEPERK

Sien die herfs raak: Mœnie dat hierdie jaar se herfs by jou verby gaan omdat jy ingeperk is nie. Dit sal 'n jammerte wees. Gebruik jou kamera/ selfoon vir die bome in jou straat.

Foto: Eddie Vorster

Skep miniatuurtuintjies: Sœk in jou tuin na toneeltjies of miniatuurtjies wat jy amper nie met die blote oog kan sien nie. Jy sal verstom wees wat jy met jou kamera kan regkry. Hierdie foto vertel die verhaal.

Sœk in hœkies: Vir hierdie tipe foto's is dit nie eens nodig om uit die huis uit te gaan om interessante foto's te neem nie. Kyk vir spinnerakke, goggas of tekstures in hœkies. En as jy werklik kunssinnig wil wees, kombineer die opsies en skep abstrakte makrofoto's.

Towerlantern Fotografie
- mei 2020 -

waardering van *lesers*

Ons fotografievriendin, Sophie Swanepœl van Potchefstroom, skryf die volgende (en baie dankie daarvoor): “Dankie vir die wenke in die maandelikse bulletin. Die uitleg is pragtig. Baie geluk aan jou en Fransa.”

Nuus vanaf Towerlantern: ons jaarlikse uitstalling

Soos in die geval van ons kursusse kan ons ook nog niks sê oor ons jaarlikse fotouitstalling nie – soos dié wat verlede jaar in September in die Potchefstroomse openbare museum gehou is.
Al wat ons op hierdie stadium kan sê, is die volgende: Hou jou steeds gereed om op kort kennisgewing foto’s gereed te hê vir ’n uitstalling. Dit beteken dat jy nou reeds ’n vouer behoort te skep vir uitstalfoto’s.

NUUS VANAF TOWERLANTERN : ONS KURSUSSE

Soos in die vorige uitgawe van *Fotografienuus* genœm, is drie van ons plaaslike kursusse tans aan die gang, naamlik twee gevorderde kursusse en een spesialiskursus. Dan is daar ook ’n verskeidenheid aanlynstudente wat besig is met die eerstevlak, gevorderde vlak en spesialisvlak.

Weens die Covid-19-pandemie is ons natuurlik almal ingeperk maar gelukkig kan die aanlynkursusse op aldrie vlakke met gemak voortgaan. En gelukkig kan ons die plaaslike kursusse per e-pos en whatsapp aanlyn hanteer. Ons is baie dankbaar vir die elektroniese tegnologie – en niemand hœf ingekerker te vœl nie.

Met die geleidelike ontperking in gedagte kan ons egter nog nie ’n volgende plaaslike eerstevlakkursus (oorspronklik geskeduleer vir Mei) beplan nie. Nog meer, die bogenœmde plaaslike kursusse sal ook nog vir ’n tydlank aanlyn aangebied mœt word.

As jy egter weet van iemand wat enige kursus wil dœn, of as jy dit self wil dœn, nou is die geleentheid om dit aanlyn te dœn. Maak van jou (fotografiese) beperking ook ’n (fotografiese) ontperking. Ons hoor gaag van jou.

Towerlantern Fotografie
– mei 2020 –